GEREFORMEERDE KERK BELLVILLE

CHRISTUSFEES

SONDAGAAND 27 NOVEMBER 2016

PROGRAM



1. **Openingsgebed** — Ds Coen Vrey
2. **Sangkwartet**

   Gedurig dors my siel na U, o Heer — RC Lowry
3. **Voorlesing** — Anri van Niekerk

   Psalm 100
4. **Gemeente:** Skrifberyming 1-3:1, 2

   1
   So lief het God die wêreld
   dat Hy vir ons sy Seun,
   sy enigste, gegee het –
   ons Redder, Lig en Steun.
   Wie in Hom glo, sal lewe,
   sal nooit verlore gaan;
   maar het die ware lewe
   as God se erfgenaam.

   2
   Die Seun het nie kom oordeel –
   Hy kom om vry te spreek.
   Sy koms het oor die wêreld
   'n nuwe dag laat breek.
   Maar hulle wat nie glo nie
   bly selfveroordeeld staan:
   Die liefde vir die duister
   laat hul verlore gaan.
5. **Sangsolo** — Marike Costerus

   Mary, did you know? — Liriek: Mark Lowry
   Musiek: Buddy Greene
6. **Blokfluit-ensemble** — Jacqueline Meijering en Rechelle Venter

   The very best time of the year — John Rutter
   A new day — Old Gaelic tune
   Ave Maria — Franz Schubert
7. **Sangsolo** — Johann Brand

   Met middernag — Liriek: CGS de Villiers
   Musiek: D'Adam; verwerk: GG Cillié
8. **Viool en orrel** — Elré Gerber en Annelie Groenewald

   Lied 338
9. **Gemeente:** Lied 338: 1, 2, 4

   1
   Weer dink ons saam aan daardie nag:
   Die herders en die sterreprag,
   die engel wat die boodskap bring,
   die hemelkoor wat juig en sing.

   2
   Die Seun van God kom by ons woon,
   op aarde God se beeld vertoon.
   Die Woord word mens: Die Hemelheer,
   God sélf daal in ons armoed neer.

   4
   Saam prys ons U, Immanuel.
   U kom oorwin die dood en hel.
   U maak ons van die sonde vry –
   Ons loof, aanbid en dank U bly.

10. **Gemeente:** Lied 353:1, 2

1
Die Heiland is gebore,
soos eeue reeds voorspel.
Daar in die stad van Dawid
word Hy Immanuel.
Met blye hemelkore
wil ons ook juig en sing:
Ons Heiland is gebore –
dis Hy wat redding bring!

2
Die Lig kom na die wêreld
in Jesus Christus, Heer.
Uit liefde vir die mensdom
daal Hy as dienskneg neer.
So lief het God die wêreld,
Hy gee vir ons sy Seun –
só word Hy ons Verlosser,
ons Middelaar en Steun.

11. **Sangkwartet**

Dogter van Sion GF Händel

12. **Orrelsolo** Annelie Groenewald

U zij de glorie Martin Mans

13. **Gemeente:** Lied 348:1-3

1
Stille nag, heilige nag!
Jesus-kind, lank verwag,
Lig uit Lig uit die Vader se ryk,
word uit liefde aan mense gelyk.
Loof die hemelse Kind!
Loof die hemelse Kind!

2
Stille nag, heilige nag!
Hemelvors, ons gee ag
op die lied van die engelekoor.
Herders het dit die eerste gehoor:
Juig, die Redder is daar!
Juig, die Redder is daar!

3
Stille nag, heilige nag!
Jesus, Heer, voor u mag,
voor u ryk moet die duisternis swig;
tot in ewigheid bly U die lig –
Heer, gebore vir ons!
Heer, gebore vir ons!

14. **Voorlesing** Anri van Niekerk

Lukas 2:8-14

15. **Sangkwartet**

Hoor die hemelinge sing Thoinot Arbeau
Verwerk deur Phillip McLachlan

16. **Gemeente:** Skrifberyming 4-6

Ere aan God, ere aan God / in die hoogste, in die hoogste, in die hoogste!
Vrede op aarde, vrede op aarde / in die mense 'n welbehae.
Ere aan God in die hoogste, / ere aan God in die hoogste!

Vrede op aarde, vrede op aarde, / vrede op aarde, vrede op aarde,
in die mense, in die mense 'n welbehae – / in die mense 'n welbehae, 'n welbehae.
Ere aan God, ere aan God / in die hoogste, in die hoogste, in die hoogste!
Vrede op aarde, vrede op aarde, / in die mense 'n welbehae. / Amen. Amen.

17. **Voorlesing** Anri van Niekerk

Openbaring 21:11, 22, 23, 25

18. **Sangsolo** Johann Brand

Jerusalem Stephen Adams

19. **Voorlesing** Anri van Niekerk

1 Korintiërs 13

20. **Viool en orrel** Rea Costerus en Annelie Groenewald

Aria in D-majeur JS Bach

21. **Gemeente:** Lied 358:1, 3

1
Welkom, o stille nag van vrede,
onder die suiderkruis,
wyl stemme uit die ou verlede
oor sterrevelde ruis.
Kersfees kom, Kersfees kom –
gee aan God die eer.
Skenk ons 'n helder Somerkersfees
in hierdie land, o Heer.

3
Voel jy ook nou sy warm liefde
as ons die dag gedenk,
toe Hy sy Seun aan ons gegee het –
ons grootste Kersgeskenk.
Christus kom, Christus kom –
gee aan God die eer.
Skenk ons 'n helder Somerkersfees
in hierdie land, o Heer.

22. **Sangsolo** Johann Brand

Lied 464:1, 4 – O Heer my God

23. **Bedankings**

Graag bedank ons die volgende persone:

Voorlesing:	Anri van Niekerk
Sangkwartet:	Nora Rossouw, Gerry van der Walt, Joan van Niekerk, Ben Costerus, Gustaaf Costerus
Blokfluite:	Jacqueline Meijering en Rechelle Venter
Sangsolo:	Marike Costerus
Sangsolo:	Johann Brand
Viool:	Rea Costerus en Elré Gerber
Orrel, klavier:	Annelie Groenewald
Opstel van die program:	Joan van Niekerk